# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

17 Februarie 2022

**<u>OMSENDBRIEF 02/2022</u>**

## BESTELLINGS: DIE BOEKWINKEL

**Aan alle leraars, saakgelastigdes en kolporteurs**

Geagte broeders en susters

Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan getuig van die groei by Lig in Duisternis Uitgewers. Ons sien duidelik die hand van die Here hierin, maar weet dat Hy ook deur mense werk. Daarom wil ons elke lidmaat/gemeente wat ons ondersteun en ons produkte bemark, van harte bedank.

Ons beleef egter ook uitdagings en een daarvan is die frustrasie van 'n posdiens wat eintlik glad nie meer funksioneer of betroubaar is nie. Dit het ons genoop om ander planne te maak ten einde steeds ons produkte so vinnig as moontlik by klante uit te kry. Daarom het ons die afgelope jaar of wat omtrent heeltemal oorgeslaan na die gebruik van 'n koerierdiens. Hopelik sou u reeds die positiewe uitwerking daarvan beleef met *Die Boodskapper* wat nou baie vinniger by gemeentes uitkom nadat dit verskyn het. Wanneer produkte by ons aanlynwinkel bestel word, het klante ook die opsie om van die koerierdiens gebruik te maak.

Hoewel baie meer betroubaar en vinniger, kos dit ons heelwat meer as wat ons betaal het toe ons alles deur die Poskantoor gestuur het. Daar is egter maniere waarop u ons kan help om geld te spaar. Waar dit moontlik is, wil ons u versoek om ons op hierdie wyses te help.

### 1. Probeer bestellings voor die 20ste van 'n maand plaas.

In baie gevalle is dit vir ons moontlik om, afhangende van die grootte van die bestelling, so 'n bestelling as een pakkie saam met *Die Boodskapper* na gemeentes te stuur. Indien ons bestellings voor die 20ste van 'n maand ontvang, kan ons, waar moontlik, daardie pakkies kombineer en hoef ons sodoende nie die uitgawe vir 'n tweede pakkie aan te gaan nie.

### 2. Reël dat pakkies afgehaal word.

Wat ons natuurlik die heel meeste help, is wanneer pakkies direk by die *Die Boekwinkel* opgepik word. Dikwels is daar lidmate of iemand wat 'n geleentheid kan bied om 'n pakkie saam te neem, in Pretoria. In sulke gevalle wil ons gemeentes aanmoedig om eerder hul pakkies te kom oplaai. Dit sal help as ons eerder as later van so 'n reëling in kennis gestel word, sodat ons nie reeds die pakkie gestuur het wanneer u dit wil kom oplaai nie.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

Indien moontlik, probeer ook ander gemeentes se pakkies wat dalk op die pad mag wees of met wie daar gereeld kontak is, op te pik. Dit sal help indien buurgemeentes op hierdie wyse kan saamwerk.

Dit is altyd goeie praktyk om, voordat iemand Pretoria toe kom, net *Die Boekwinkel* te skakel om uit te vind of daar nie dalk ’n pakkie vir u gemeente is wat opgepik kan word nie.

**3. Wees bereid om ’n verspreidingspunt te wees.**

Dit gebeur soms dat mense van die platteland af ’n boekie by Lig in Duisternis Uitgewers bestel. Die koerierkoste vir so ’n pakkie is nogal hoog. Indien gemeentes egter bereid is om as verspreidingspunte te dien, kan ons met so iemand reël dat ons die bestelling na die plaaslike AP Kerk stuur en dat die persoon dit dan daar kan kry.

Indien u bereid is om hiermee te help, laat weet asseblief vir mnr. Albert Bierman by albert.bierman@apk.co.za en verskaf ook besonderhede van ’n kontakpersoon met wie mense in verbinding kan tree om so ’n pakkie te kry.

Baie dankie dat u hierdie versoek van ons sal oorweeg.

Besoek gerus Lig in Duisternis Uitgewers se webtuiste: www.liginduisternis.co.za.

In Christus,



Ds. HSW Strauss
Hoof: Lig in Duisternis Uitgewers



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023